

TAAALGENOOT



ATKV
LENTE 2022

INHOUD

4 STANDPUNT

Sò leef ons die verskil!

5 REDAKTEURSBRIEF

Lente in my hart

6 ZELDA BEZUIDENHOUT

Ja, ek's 'n rugknakker

7 BLOKRAAI

8 SOPHIA KAPP

Afrikaans soos ouma se handsak

9 INGRID UYS

Skone chaos gestol

14 PEN AFRIKAANS

Carien Smith

16 AFRIFRANS

Parlez-vous francais?

19 ENGLIKAANS

Mengels?

22 TOAST COETZER

Die reisende twyfelaar en ander lirieke ...

26 IMTIAZ SOOLIMAN

'n Held sonder 'n mantel

30 ATKV-REDENAARS

Vanjaar se raakpraters!

32 INSEKBOERDERY

Daar's 'n vlieg in die voer

36 POLITICI

Makers en bewakers van beloftes

40 VOORBLAD

Teater van persoonlike triomf

46 VINCENT PIENAAR

'n Goudstadse storie-sangoma





49 PROJEKTE

Die kollig wag ...

52 LEERAGTERSTAND

SA se kinders sukkel

56 RICHTERSVELD

Dierbare woesteny

62 ROBOTDIGKUNS

Dis die blond, dis die blou,
dis die 1, dis die 0

66 PERDESPOORT

Die fyn kuns van ruiterskap

72 NABOOTERS

Lank leef dié konings!

78 BLOEMLESINGS

'n Gerf liefde, liewe leser

82 FIETSKLUB

Saal op, Soweto!

88 BOEKKLUBS

Leeskringe se rimpel-effek

90 OORDE

Familieplaas tot familieoord

92 ATKV-WOORDVEERTJIES

'n Veertjie vir dié wenwoorde

94 LINDEN-TEATER

Kerk vir die skeppendes

99 TAKKE

Onmisbare 'voetsoldate'

104 BOEKGELETTEDHEID

Die potensiaal van 'n storie

107 RUBY & ROACH

Almal se plekkie in die son

110 ATKV-APPLOUS

Ervaar die koorkameraderie!

112 FOURIE ROSSOUW

Ricardo se geskarrel

REDAKTEUR Johan Jack Smith
PRODUKSIEREDAKTEUR Martie Swart
SENIOR SUBREDAKTEUR Angie Gallagher
UITLEGKUNSTENAAR Marelise Scholtz
TAALVERSORGING Marli Swanepoel

INTEKENARE Lillian Meyer 011 919 9112 of
LillianM@atkv.org.za of Taalgenoot@atkv.org.za
BEMARKING & ADVERTENSIES
Wendy Homann: WendyH@atkv.org.za

TAALGENOOT

Vir redaksionele of advertensienavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0208
Vrybelnommer: 0800 00 2209
E-pos: JohanS@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

ATKV-HOOFKANTOOR

Vir adresveranderings of ledenavrae
Posbus 4586, Randburg 2125
Tel: 011 919 9000 • Faks: 011 919 0205
Vrybelnommer: 0800 00 2209
WhatsAppnommer: 082 654 7577
E-pos: atkv@atkv.org.za
Webwerf: www.atkv.org.za

BUFFELSPOORT

Die Oordbestuurder, Privaatsak X222, Mooiooi 0325.
Tel: 014 572 1000 • Faks: 014 572 1010
E-pos: buffelspoort@atkv.org.za

DRAKENVILLE

Die Oordbestuurder, Posbus 53, Jagersrust 3354.
Tel: 036 349 6287 • Faks: 036 438 6524
E-pos: drakensville@atkv.org.za

EILAND SPA

Tel: 015 386 8000 • Faks: 015 386 8032
E-pos: eilandspa@atkv.org.za

GOUDINI SPA

Die Oordbestuurder, Posbus 47, Rawsonville 6845.
Tel: 023 349 8100 • Faks: 023 344 3158
E-pos: goudini@atkv.org.za

HARTENBOS

Die Oordbestuurder, Posbus 3, Hartenbos 6520.
Tel: 044 601 7200/19/21 • Faks: 044 695 0770
E-pos: hartenbos@atkv.org.za

KLEIN-KARIBA

Die Oordbestuurder, Posbus 150, Bela-Bela 0480.
Tel: 014 736 9800 • Faks: 014 736 3457
E-pos: kariba@atkv.org.za

NATALIA

Die Oordbestuurder, Posbus 11, Winkelspruit 4145.
Tel: 031 916 4545/6 • Faks: 031 916 2212
E-pos: natalia@atkv.org.za

Besprekings vir enige van die ATKV-oorde kan ook
weekeksdae vanaf 08:00 tot 17:00 by die sentrale
besprekingsnommer op hoofkantoor 011 919 9076
of 011 919 9058 gemaak word.

*Alle foto's soos in die tydskrif gebruik verkry vanaf
Adobe Stock tensy anders aangedui.


TG word uitgegee deur die ATKV, Posbus 4586,
Randburg 2125. Die menings uitgespreek in TG
weerspieël nie noodwendig die amptelike standpunt
van die ATKV nie. Geen deel van die inhoud mag
sonder die toestemming van die redakteur elders
gebruik word nie. Alle medewerkers, fotografe
en kunstenaars doen afstand van hul outeursreg
sodra 'n bydrae in TG gepubliseer is. TG neem nie
aanspreeklikheid vir die taalkorrektheid of voorkeur
van die taal van adverteerders of advertensies nie.
Die menings en standpunte uitgespreek deur lesers,
skrywers en kunstenaars in TG is nie noodwendig die
standpunt van die ATKV nie.

ROBOTDIGKUNS

'n Suid-Afrikaner in die buiteland doen baanbrekerswerk met kunsmatige intelligensie (KI) in die Afrikaanse digkuns. Dalk wag daar selfs 'n KI-bundel ...



Dis die blond,
dis die blou,
dis die I,
dis die O



“ ... buitendien, fluister hy
die ou lewe sterf
as jy verdwyningse tyd dra ... ”

Sinvol? Wel, dis 'n blikbrein, weliswaar met menshulp, wat sulke skone woorde kan wek! En watwou kunsmatig; dié samewerking tussen mens en masjien is eerder die toekoms, sê dr. Imke van Heerden, wat oor die water haar baanbrekersvernuf inspan om Afrikaans se plek in kunsmatige letterkunde te pavlei.

Rekenaarkreatiwiteit integreer die velde van kuns en tegnologie, en word deur sommige kenners as die volgende grens in kunsmatige-intelligensie (KI)-navorsing beskou.

Dis waar 'n slim Suid-Afrikaanse vrou soos Imke op die toneel verskyn. Boonop lei sy Afrikaans se vooruitgang van Turkye. Praat dus van kragkruisbestuwing tussen twee lande – elkeen met 'n unieke bakermat en bydrae tot kuns; een oud en een nuwer – wat nou hande vat vir byderwetse letterkundenavorsing.

Vir 'n beter “ousus” as Turkye kan jy nie hoop nie. Dié eeue oue land is gehul in lae van beskawings so oud soos die mens self. Boonop is dit 'n strategiese kruispad tussen die Weste en die Ooste. Wat iets verkap van ons snelveranderende wêreld, want deesdae sal jy ook Afrikaans daar hoor opklink, uit mensmond en in rekenaarstem.

KI AS OUTEUR

Dis in die Turkse stad Istanbul, op die oewer van die skone Bosporus-seestraat, waar Imke op 'n unieke manier met die Afrikaanse taal woeker. En met die welwillendheid en geldhulp van haar gasheerland.

Dit kon seker nie anders nie dat sy haar eindelijk sou besig hou met die verskuiwing van letterkunde-grense. Pa Etienne is immers een van ons letterkunde-elite. Ná haar meestersgraad aan die Universiteit Stellenbosch verwerf sy in 2016 haar doktorsgraad in Engelse letterkunde aan die Universiteit van York. Sy gaan draai ook by Cambridge se navorsingsentrum in die kunste, sosiale en geesteswetenskappe (Crash), een van die wêreld se grootste interdisciplinêre navorsingsentrums.

Sedert 2020 is sy besoekende assistentprofessor aan die Koç-universiteit in Istanbul. Sy het daar beland nadat

die land se wetenskaplike en tegnologiese navorsingsraad (Tübitak) aan haar 'n navorsingsbeurs toegeken het. Dit het gelei tot die ontstaan van 'n opwindende, eietydse interdisciplinêre navorsingsprojek wat literêre perspektief op KI-skrifwerk lewer. Dit staan bekend as AI as Author (authorai.ku.edu.tr) en sy werk saam met drie Turkse navorsers daaraan.

“Dit was as Crassh-kommunikasiebestuurder dat my belangstelling in kunsmatige intelligensie begin het,” vertel Imke. Sy was daar betrokke by verskeie navorsingsprojekte en inisiatiewe waarin KI met ander dissiplines verbind is. “As letterkundige was ek verbaas deur die relatiewe gebrek aan betrokkenheid van literêre studies – ek wou dit ondersoek.”

Dit het gelei tot AI as Author, wat deel vorm van haar navorsingsgenootskap en deur Tübitak gefinansier word. Dié driejaarprojek se begroting is ongeveer R1,5 miljoen.

WAG 'N BIETJIE, AFRIKI?

As deel daarvan is AfriKI gebore. Dit staan vir Afrikaanse Kunsmatige Intelligensie en is die eerste KI wat skeppende teks in Afrikaans genereer. Imke het dié taalmodel ontwikkel saam met haar medenavorser, dr. Anil Bas, 'n rekenaarwetenskaplike by die Marmara-universiteit in Istanbul.

Volgens haar is AfriKI 'n poging om Afrikaans te voeg by die lys tale waarin taalgenerering reeds wêreldwyd geskied. “AfriKI is deel van my breër navorsingsprojek, en help my ook om maniere te ondersoek om KI by skeppende skryfwerk te betrek.”

Maar waarom is dit nodig, en hoe voordelig is dit dat Afrikaanse letterkunde in KI geskied?

“Ek sou nie sê dis nodig nie, wel interessant,” vertel Imke. “Hierdie tegnologie is geweldig eksperimenteel en belooft om menslike kreatiwiteit op nuwe, vreemde, uitlokkende maniere aan te vul. Ek glo dat KI se toekoms in ko-kreatiwiteit – oftewel samewerking tussen mens en masjien – lê.

“Uit hierdie oogpunt funksioneer KI as gereedskap om kunstenaars en skrywers te inspireer en steun – byvoorbeeld Adobe Sensei en *The Washington Post* se Heliograf. KI doen onvoorspelbare dinge met taal; dit verken taal se buitewyke. Dit kan dus 'n interessante bydrae tot die ontwikkeling en selfs vernuwing van Afrikaans lewer.”


Boonop, sê sy, opper die tegnologie menige filosofiese

kwessies: Kan 'n masjien intelligent wees? Kan 'n rekenaar skeppend wees? En hoe definieer ons intelligensie? "KI is waardevol, onder meer omdat dit ons nooi om nuwe lig op bewussyn, kreatiwiteit, skrywerskap, oorspronklikheid en ander fundamentele begrippe te werp."

Ná twee en 'n half jaar se navorsing is die grootste uitdaging dat die projek twee velde – literêre studies en rekenaarwetenskap; kuns en tegnologie – in gesprek bring. Dié dissiplines het uiteenlopende metodes en prioriteite; dis 'n fassinerende uitdaging om 'n gemeenskaplike taal te help ontwikkel; om raakpunte te identifiseer en 'n brug te bou, aldus Imke. Voorts staar laehulpbrontale (soos Afrikaans) 'n beduidende uitdaging in die gesig "omdat hulle nie oor die nodige grootskaalse hulpbronne (in vergeleke met Engels) beskik nie, en agtergelaat kan word".

"Taal speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van

"KI doen onvoorspelbare dinge met taal, dit verken taal se buitewyke. Dit kan dus 'n interessante bydrae tot die ontwikkeling, en selfs vernuwing van Afrikaans lewer."



kunsmatige intelligensie. Ons moet KI-navorsing in plaaslike tale uitbou om te verseker hulle hou pas."

KI-GEDIGTE

Presies hoe moeilik is dit om 'n "warmbloedige" taalkunsvorm soos dié van digkuns met onpersoonlike tegnologie soos KI te versoen?

"Die effek op die leser kan dieselfde wees, ongeag," vertel Imke. "Ek laat dit aan lesers oor om te besluit of die AfriKI-gedigte tot hulle spreek en in hoe mate die kunsmatige aspek die leserservaring raak."

Die span het aanvanklik teks in Engels genereer, en was bloot nuuskierig om te sien wat in Afrikaans uitgerig kon word. "Ek besef toe dat KI-gedigte nog nie in Afrikaans verskyn het nie. Die resultate, oftewel die teks wat AfriKI eindelijk geproduseer het, was vir my pragtig."

Die frase "silwerwit in die soontoe" is een van die mooiste wat sy tot nog toe in Afrikaans gelees het, meen Imke. Sy werk juis aan 'n AfriKI-digbundel, asook 'n KI-geskepte draaiboek vir 'n kortprent.

"KI-gedigte is al in Engels, Chinees, Bengaals, Fins, Italiaans, Japannees, Pools, Portugees en ander tale geskep. Dit is vir my baie spesiaal om Afrikaans by daardie lys te kan voeg."

Oor die pad vorentoe ná afhandeling van die projek besin sy nog, maar weet reeds dat sy as akademikus verder op kreatiewe KI wil fokus. "Ek dink daar is 'n behoefte aan ingeligte besinning oor die toepassing en invloed van taaltegnologieë op die uitgewersbedryf, sowel as die letterkunde."

Daar word byvoorbeeld voorspel dat KI teen 2049 'n *New York Times*-topverkoper sal skryf. Intussen het 'n KI-kortvertaal reeds in Japan die eerste ronde van 'n literêre kompetisie oorleef. "Die ontwikkelaars was eerlik oor hoe dié teks geskep is, maar die vraag het ontstaan: Hoe gaan ons bepaal of 'n storie mensgeskrewe of masjiengedrewe is?"

En gaan dit in die toekoms enigsins belangrik wees om daardie onderskeid te tref? Sal studente eendag opstelle met KI-sagteware skryf? En, wonder Imke, gaan KI-gesteunde skryfwerk die norm word? Alles deel van die interessante en kernnavorsing waarmee hierdie skrandere Suid-Afrikaanse vrou die letterkunde-arena op sy tone hou. **T**

DEUR SONNETTE LOMBAARD